# ONS NUUSBRIEF

## GEREFORMEERDE KERK BLOEMFONTEIN-NOORD

**05 JULIE 2026 Nr 27**

| | | | |
|---|---|---|---|
| Predikant: | *Ds Kobus Botha* | Skriba/ | *Pieter du Plessis* |
| | 051 436 2930/082 410 7447 | Koster: | 082 570 1804 |
| Orrelis: | *Louri Coetzee* | Kerkkantoor: | 051 436 2932/082 570 1804 |
| | 083 776 6989 | Kantoorure: | Per afspraak |
| Diakonie: | Voorsitter: *Muller Heyns* | Posadres: | Posbus 28182, DANHOF 9310 |
| | 072 469 7778 | E-posadres | kantoor@gkbfnnoord.co.za |
| Susters: | Voorsitter: *Ester Botha* | Webwerf: | www.gkbfnnoord.co.za |
| | 072 784 9451 | Facebook: | https://web.facebook.com/gkbfnnoord |
| Katkisasie: | *Karien van Rooyen* | Kassier: | *Mariza Mosca* |
| | 079 888 8910 | | 082 405 8565 |
| Lesotho Uitreik/ | *Kerkkantoor* | Kerk: | ABSA (632005) Tjekrek no 1570 340 065 |
| Evangelisasie: | 082 570 1804 | Diakonie: | ABSA (632005) Tjekrek no 0470 280 026 |
| Zapper-kode vir kerklike bydraes: | | Sustershulpdiens: | ABSA (632005) Tjekrek no 0470 341 769 |

**VERJAARSDAE**

Die volgende lidmate verjaar gedurende hierdie week. Baie hartlik geluk! Ontvang ons allerbeste seënwense vir die nuwe lewensjaar!

| | | | |
|---|---|---|---|
| 05 Jul: Sr Christa Beyers | 083 290 2907 | 08 Jul: Sr Trix Snyman | 082 361 8057 |
| 07 Jul: Br JP Allen | 082 920 1298 | 08 Jul: Diak Wiehan de Beer | 083 215 2982 |
| 07 Jul: Klara van der Walt | 082 300 9085 | 09 Jul: Sr Orgina Stodart | Geen no |
| 07 Jul: Br Rynard Lowings | 082 333 3329 | 11 Jul: Sr Carina Fouché | 083 925 8279 |
| 08 Jul: Br Izak Gresse | 066 284 8550 | 11 Jul: Oudl Willie Snyman | 082 375 2524 |

## KOLLEKTES

Die kollekte onder die erediens word soos gewoonlik opgeneem vir die Diakonie se ***Kas van Barmhartigheid*** terwyl die deurkollekte bestem is vir die GKSA se ***Kas Teologiese Studente.***

## TWEEDE KLEINKIND OP PAD!

***Sr Ester Botha*** het Donderdag na Nederland gevlieg om hulle dogter Marisa, wat haar en haar man Mournay se eersteling verwag, by te staan. Ons glo dat sy die tyd saam met die kinders terdeë sal geniet en vertrou dat die bevalling voorspoedig sal afloop! Dit sal ds Kobus en sr Ester se tweede kleinkind wees en ons wens hulle byvoorbaat hartlik geluk!

## GEMEENTEBOU

Gemeentebou bestaan nie net uit woordverkondiging nie. Daar is baie aspekte van gemeentebou. Boustene is onder andere [1]gemeenskap van gelowiges en [2]diens aan mekaar. Daar is bestaande aksies en nuwe aksies in ons gemeente wat ons graag onder u aandag wil bring.

**Gemeentebou aksies:**

1. *Ekstra Wiskunde klasse : Geert Mosca – 082 826 3378*
   a. Enige kind in ons gemeente is welkom om gratis wiskunde klas te neem op Vrydae – kontak gerus vir Geert om 'n afspraak te maak.
2. *Gemeenskap projek - Beudene (gestremdes):*
   *Nerina Venter – 082 884 4465*
   a. Woordverkondiging en gewyde sang op Donderdae.
3. *Gemeenskapsprojek - Sewe Damme (bejaardes):*
   *Nerina Venter – 082 884 4465*
   a. Besoek bejaardes, speel speletjies en spandeer tyd saam met die mense.
4. *Koor : Louri Coetzee – 083 776 6989*
   a. Die doel van die koor is om God te loof en prys met sang.

6. *Klank & Beeld : Francois Venter – 082 229 4411*
   a. Vir baie jare doen Francois getrou die klank en beeld in die kerk.
   b. Daar is geleentheid om 'n bydrae te maak en hom te help met die taak. Enige persoon wat graag sal wil help kan vir Francois kontak.

Laat weet asseblief vir oudl Erik van Driel by 083 287 1047 indien iemand reeds met aktiwiteite besig is of met iets nuuts wil begin of graag wil inskakel en 'n bydrae wil lewer. Saam bou ons aan die koninkryk van God.

### LITURGIE TYDENS EREDIENS

Skriflesing : Prediker 1:1-18
Teks : Prediker 1:1-18
Sang : Lb 169:1,2,3
: Lb 184:1,2,3,4
: Ps 130:2,4
: Ps 119:39,40
: Ps 145:1,2,11,12

### GEDAGTE VIR DIE WEEK

Sy antwoord was: "My genade is vir jou genoeg. My krag kom juis tot volle werking wanneer jy swak is." Daarom sal ek baie liewer oor my swakhede roem, sodat die krag van Christus my beskutting kan wees.

2 Korintiërs 12:9



Ten bate van Lettie Fouché Sentrum

Versamel plastiekproppies
en oorhandig aan
Sr Machteld du Plessis
073 251 9286

GELOOF EN LIEFDE

GEREFORMEERDE KERK
BLOEMFONTEIN-NOORD



Hulpsentrum
**Winkel**



DIE Hulpsentrum Winkel in Venterstad verkoop u skenkings ten bate van die 2 Sopkombuise waar 400 kinders daagliks kos kry. Daar is 'n groot behoefte aan HUISWARE, GORDYNE, LAKENS en KINDERKLERE.

Ons waardeer elke bydrae. Baie dankie dat u omgee.
**0723909019**



**MERK ASSEBLIEF U SKENKING: VENTERSTAD.**

Sopkombuis
**Ikhitshi Lesuphu**

YOUR R100 CAN FEED 100 CHILDREN.

The two soup kitchens in Venterstad provide food for 400 children daily. Become part of this very special community project.

WE NEED YOUR HELP!

"Now faith, hope, and love remain – these three things – and the greatest of these is love."
1 Corinthians 13:13

ABSA GKV Hulpsentrum Savings 906 446 3273 Code 632005
Under the banner of the Reformed Church Venterstad Help Centre.
072 390 9019

- **GKV Hulpfonds ABSA Spaar 906 446 3273 Kode 632005**
- **https://pay.yoco.com/gkv-hulpsentrum**

https://www.facebook.com/share/1BhxAtkuJ2/?mibextid=wwXIfr

***Baie dankie aan al die lidmate wat skenkings gemaak het!***
***Warm kinderklere en komberse word steeds benodig.***
***Kontak asb vir sr Nerina Venter by 082 8844 465.***

Kuier

Gemeenskap

Lekker wees!

# Gereformeerde Kerk BLOEMFONTEIN-NOORD

# Kamp 2026

**RIVER OF JOY**
(20km buite Bloemfontein)

## 9–11 OKT. 2026

## AKKOMMODASIE & TARIEWE

| | | |
|---|---|---|
| | **Eenheid 4:** Dubbele eenheid | @ **R890** |
| | **Eenheid 5:** Gesinskamer (4 in een kamer) | @ **R1050** |
| | **Eenhede 2, 3, 8:** Gesins-eenhede (4 in twee kamers) | @ **R1150** |
| | **Eenhede 6 & 7:** 10-bed | @ **R1850** |
| | **OF Slegs Eenheid 7:** Dubbele eenheid | @ **R890** |
| | **Eenheid 1:** 7-slaapkamer | @ **R1750** |

## KAMPERING

- Kampering @ **R380**/staanplek/nag ing. eerste 2 persone
- + **R100**/ekstra volwassene
- + **R60**/ekstra per skoolkind
- Maks. 6 persone per *staanplek*
- Pensioenarisse @ **R330** vir twee

## DAGBESOEKERS

- **R80**/volwassene
- **R40**/skoolkind

## Baie pret vir die kinders!

- Speletjies
- Natuurlik ons dominee-vasvra!

**Almal welkom!**

Dagbesoekers vir die Saterdag ook welkom.

## ETES

- **Vrydagaand:**
  Bring en braai – bykosse word verskaf
- **Saterdag brunch:**
  Nacho's word verskaf
- **Saterdag laatmiddag – aand:**
  Braai (alles word verskaf)

*Bring snacks, drinkgoed en alle tipe persoonlikhede!*

*Kom braai en kuier saam en leer ken medegelowiges!*

*Skenkings van bykosse, pryse ens. sal verwelkom word!*

*Besprekings: Karien van Rooyen*
079 888 8910


GEREFORMEERDE KERK
BLOEMFONTEIN-NOORD
Potte en Spitte
DAG
SATERDAG 12 SEPTEMBER
VAN 10h00 TOT 16h00 | BY URTH
3 Spit Braaiers
10 Potjies
Pannekoek
Biltong en Droëwors
Beskuit en Koekie Tafel
3 PRODUK KRUIWAENS
wat opgeveil word:
KUIER-, KOMBUIS-
EN KOSKRUIWA
KUIERKRUIWA
KOMBUISKRUIWA
KOSKRUIWA
BRING JOU PIEKNIEKMANDJIE
en nooi jou familie en vriende saam.
DONASIES vir die kruiwaens en nog
Potjiemakers sal baie welkom wees.
Kontakpersoon: LOUIS VAN NIEKERK | 082 651 0001


SAAMTREK 2027
SATERDAG 6 MAART 2027
Tema: Kyk na die lelies...
LET OP HOE GROEI DIE VELDLELIES:
HULLE SWOEG NIE EN HULLE MAAK NIE KLERE NIE...
(MATT 6:28)


Aanlyn Bybelstudie
Groei in Dissipelskap
- Van die skare na die Binnekring
Begin Woensdag 22 Julie
19:00
Registreer deur jou naam en
kontakbeśonderhede te stuur na.
079 308 5404




**Voorbladontwerp: Hilde Kruger**

# Inhoud

*Julie 2026*

**JAARGANG 127, NO. 3412, JULIE 2026**

DIE GEREFORMEERDE KERKE IN SUID-AFRIKA
DIE POORTE VAN DIE HEL SAL DIT NIE OORWELDIG NIE

1 Van die redakteur: Die vreemdeling in jou poorte
2 Gelowiges van die Nuwe Testament sing!
4 Die Seun – groots, ewig en verhewe: Die Koning van sy kerk
6 Die Lied van die Gesindheid van Christus. Vernedering. Verhoging. Verandering.
8 Lofsang oor die wonder van Christus
10 Gebedslied vir die kerk
12 Die lied van verwondering – Oor sy redding – ook vir die heidennasies
14 Oorwinningslied van die geloof – Lied van vryspraak
16 Meer as oorwinnaars! Al voel ons soos slagskape
18 Lied van Moses, Lied van die Lam: Een groot verlossingsverhaal
20 Die nuwe Lied van die Lam: Waardig om Gods raadsbesluite uit te voer
22 *Die Kerkblad* kuier by ... Oom Louis Kruger
25 Die Here het gegee ... Op 'n uitsonderlike manier
26 Eers dit ... Die sin van siekte
28 Griet se Storie ... besing 'n gelowige Pa
30 Die trek na Argentinië (5): Twee lidmaatregisters en twee doopregisters
32 Kleinadvertensies

**REDAKSIEKOMMISSIE**

| | |
|---|---|
| REDAKTEUR: | Ds. C Aucamp |
| KOPIEREDAKTEUR: | Mev. J Fourie |
| ADDISIONELE LEDE: | Mev. V de Kock, mev. G Swanepoel, JG Noëth, prof. DF Muller, ds. GP Meijer, prof. IW Ferreira |

EUROPESE KORRESPONDENT: Dr. VE d'Assonville

**Adresbesonderhede:**

- Die Redakteur, Die Kerkblad; e-posadres: anberg@absamail.co.za; sel. 082 377 1112
- Kopieredakteur, Die Kerkblad; e-posadres: kerkblad@gksa.co.za; tel. 018 297 3986
- Navrae in verband met rekenings, adresveranderings, intekening: Angie, 018 297 3986; tydskrifte@gksa.co.za
- **Intekengeld** (Admin Buro, by ABSA rek. 670140040)

| | |
|---|---|
| Gedrukte weergawe sonder koerierkoste | R400 per jaar |
| Gedrukte weergawe in groep gekoerier | R610 per jaar |
| Elektroniese weergawe | R170 per jaar |
| Waar posadres nog verkies word | R610 per jaar |

**Nuwe of hernude intekening kan geskied deur die bewys van betaling saam met u naam, telefoonnommer, e-pos en fisiese adres te stuur aan tydskrifte@gksa.co.za. Intekening moet skriftelik gekanselleer word**

**DRUKKERS:** V&R Drukkery, tel. 012 333 2462




*EIENAARS EN UITGEWERS*
*Deputate Kerklike Tydskrifte van die Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika, Posbus 20008, Noordbrug 2522.*

*Menings uitgespreek in artikels verteenwoordig nie noodwendig dié van die Redaksiekommissie nie. Tensy anders vermeld, word die hoofartikels deur die redakteur geskryf. Die Redaksie behou hom die reg van plasing van bydraes, asook die redigering, verkorting, parafrasering of uitbreiding van bydraes voor.*




# 30 Kerkbladgesprekke: Projek vir *Sorg Met Eer*

Redakteur

Kom kuier saam by 30 geseëndes: se seën aan hulle en aan ons.

André de Ruyter, Mangosutho Buthelezi, Flip Buys, Victor d'Assonville, Martiens Hermann, Carel Trichardt, Bingle Kruger, Koos van Rooy, T. Fransie Snyman (102), Piet Smit, Danie Langner, Peet van der Walt, Carools Reinecke, Joh.van Rensburg, Rina Hugo, Prof. Louis Botha (104), Theuns Eloff, Amie van Wyk, Danie Goosen, Bennie Fourie, Pieter Mulder, Rouel en Nadia Beukes, Willie Spies, Fika van Rensburg, Barend du Plessis, Johan & Marthie Howell, L Abravitova (Oekr.Amb), Riaan Cruywagen, Hannes Noëth, Milaan Thalwitzer, Carike Keuzenkamp

Die 30 kuiers van *Die Kerkblad* van 2023 tot 2025 by meesal bekende gelowiges wat hul lig helder laat skyn, het groot byval gevind. Uit die kuiergesprekke het ek probeer deurdring tot dit waarmee ons Here elkeen van hierdie mense op sy eie unieke manier geseën en in sy diens gebruik het.

Die 30 gespreksartikels is uitgegee in 'n netjiese, volkleur uitgawe van 170 bladsye. Die leser kan op sy tyd saam met *Die Kerkblad* by hierdie 30 geseëndes kuier.

Die koste vir die boek is volledig deur 'n goedgesinde lidmaat geborg, en elke Rand van die R200 wat die boekie kos, gaan direk vir die *Sorg Met Eer* projek vir ons emeriti en hul weduwees.

Plaas u bestelling by cassie@vox.co.za of stuur vir hom 'n WhatsApp (082 377 1112) met u bestelling. Sit net u selnommer by en hy sal die nodige reëlings tref. Die koerierkoste is R100 vir tot 10 eksemplare, maar betaalde boekies kan ook gratis afgehaal word by die Admin. Buro in Potchefstroom of die kerkkantoor van Brooklyn, Pretoria.

Kom verryk uself en u geliefdes deur die unieke geseënde storie van elkeen van die 30, en maak ook op die wyse 'n bydae tot die noodsaaklike *Sorg Met Eer* projek vir ons emeriti en hul weduwees. Daar is nog 40 van die 500 uitgawes wat gedruk is beskikbaar maar as ons genoeg bestellings kry sorg ons vir 'n tweede uitgawe en 'n tweede borg.